ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Kwaliteitskontroleerder: iMIS-administrateur

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as kwaliteitskontroleerder: iMIS-administrateur by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

Die ATKV brei sy kwaliteitskontrolespan uit wat moet verseker dat produkte en dienste aan die standaarde voldoen wat deur die onderneming daargestel word. Die ATKV is op soek na ’n hardwerkende en dinamiese administrateur wat:

- Bekend is met die iMIS-ledestelsel;
- Minstens twee jaar se ondervinding in ledebestuur het;
- Een tot twee jaar in ’n inbelsentrum werksaam was; en
- Bekend is met verskeie skakelaars (*dialers*) en diensvlakooreenkomste (SLA).

Vernaamste verantwoordelikhede

- Algehele kwaliteitsbeheer om te verseker dat die kliënt ’n ondervinding het wat getuig van betroubaarheid en puik diens;
- Administrasie en datavaslegging; en
- Ondersoek en hanteer van klagtes.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Selinah Seipei
ATKV
Posbus 4586, Randburg, 2125
E-posadres: betrekkings@atkv.org.za

Aansoeke moet die ATKV voor **18 Oktober 2021** bereik.
Gebruik asseblief die verwysing: **HKLEDE15**

Indien jy teen **31 Oktober 2021** nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.